# 186. LOOF ONS VADER,AL WAT LEWE

**C G C F C**
1. Loof ons Vader, al wat lewe,
**F C F C G**
wil Hom dank en hulde bring –
**C G F D**
Hy het al ons skuld vergewe,
**G D G**
ons 'n nuwe lied laat sing.
**C**
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
**F G C G C**
Loof Yahweh, o sterweling!

**C G C F C**
2. Loof Hom wat in groot genade
**F C F C G**
ons deur eeue heen behou;
**C G F D**
loof Hom vir Sy reddingsdade –
**G D G**
vas kan ons op Hom vertrou.
**C**
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
**F G C G C**
Hy's genadig en getrou.

**C G C F C**
3. Soos 'n vader sorg vir kinders,
**F C F C G**
sorg Yahweh vir wie Hom vrees.
**C G F D**
Hy vergewe hul oortredings
**G D G**
en berei 'n vreugdefees.
**C**
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
**F G C G C**
Laat ons Hom gehoorsaam wees!

**C G C F C**
4. Mense, soos die veld se blomme,
**F C F C G**
bloei maar vir 'n korte tyd;
**C G F D**
ewig oor ons kleine kommer
**G D G**
waak Sy goedertierenheid.
**C**
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom –
**F G C G C**
ewige Geregtigheid!